'n Kritiese kyk na The Shack

Het jy die boek *The Shack* gelees? Hierdie boek is so ver soos die ooste van basiese Christenwees. Pasop, los uit, verbrand!!!!
Die boek is steeds no. 1 op die NY Times Best Seller list. In die 2 jaar wat die boek op die mark is, is daar reeds meer as 5 miljoen gedruk. Dit is indrukwekkend as jy in gedagte hou dat Rick Warren se ***Purpose Driven Life*** 25 miljoen kopieë in 7 jaar verkoop het. Die vraag met beide van die boeke, indien jy objektief wil wees, is of die boeke so goed is, of is die bemarking uitstekend? **Dit wil blyk dat laasgenoemde dalk eerder die geval is**. Pyromarketing is die bemarking-strategie wat Zondervan, die boekehuis, gebruik het. Die ruimte ontbreek om te verduidelik, gaan Google dit gerus. In kort - uiters effektiewe mond tot oor bemarking aan 'n spesifieke teikenmark wat soos 'n veldbrand versprei. Dit is ook nou die geval met The Shack.

Die storie
Dalk net eers in kort waaroor die boek gaan. Die storie handel oor 'n man, Mack, wat deur intense trauma gaan. Die tragedie bring hom jare later by die shack waar hy 'n ervaring met God het. God openbaar Homself aan Mack as drie persone: 'n swart Amerikaanse vrou (die Vader), 'n Joodse skrynwerker (Jesus) en 'n Asiatiese vrou (die Heilige Gees). Hy spandeer tyd saam met die drie en vra dan verskeie vrae waarmee ons as mens worstel.

Die boek is fiksie, 'n verhaal wat vertel word deur een mens wat 'n besonderse ervaring met God gehad het. Dit is uiters subjektief en maak dit juis daarom moeilik om te beoordeel. In so 'n subjektiewe ervaring - waarvan baie gelowiges in 'n mindere of meerdere mate kan getuig - word tog nie alles oor God ervaar of beleef nie. Omdat dit subjektief is, bly dit steeds een mens se ervaring, geklee deur die persoon se totale menswees, wat in sy geval intense trauma insluit. Miskien is die belangrikste om te onthou, hy het na heling gaan soek, waarmee hy vir jare as gelowige geworstel het. Hy het heling gekry deur geloof, maar in genade. Sy boodskap aan my is, wat net dit betref: moet nooit ophou soek nie. God sal jou vind.

Ek raak twee aspekte aan: Die Here wys vir Mack waar die oorskot van sy dogter lê jare na haar dood. Spiritiste doen dit nog in ons tyd! Hulle gaan soek later die oorskot op grond van sy belewenis en hulle vind dit net soos dit in sy ontmoeting met die Here aan hom oorgedra is. Die vroeë kerk vertel van vele sulke geleenthede waar die liggame van martelare, wat jare vermis was, deur sulke visioene of openbarings aan die kerk uitgewys word. Ons rasionele denke verteer moeilik die misterie van God wat sekere dinge wat buite ons begrip lê, aan ons openbaar. **Die belangrikste bly egter steeds die Woord van God. Dit is die toetssteen en The Shack moet hieraan getoets word.** In 2 Kor. 12 vertel Paulus kortliks van sy eie ervaring in die paradys waarheen hy weggeruk was. Daar het hy ook woorde gehoor wat hy eerder nie wil uitspreek nie 2 Kor. 12:5.

Die ander gedagte waarby ek ook wil stilstaan, is die gedagte van **panteïsme**. *"**God, who is the ground of all being, dwells in, around, and through all things...**" **The Shack's Jesus***" (p.112). Panteïsme beteken dat God in alles is, maar alles is nie God nie. Die God van die Christendom bly die Almagtige wat bo alles verhewe is, tog vul Hy ook alles met sy teenwoordigheid. Panteïsme aan die ander kant glo dat alles God is. Die implikasie daarvan is dat alles aanbid kan word. Geloof in die Drie-enige God beteken dat ek God alleen aanbid. Iets hiervan hoor ons in Jesus se gebed

Joh. 17: [21]Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Gaan kyk ook na hierdie verse: 1 Kor. 12:6 *maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring.*;
Ef. 1:23 *is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul*.
Kol. 3:11 *Hier is Christus alles en in almal*.

Die karakter van God wat deur die skrywer/verteller geskets word, is na my mening nie Bybels gefundeerd nie. Die geskiedenis van ons kerk het ongelukkig by baie in onguns verval. Die gevolg is dat ons dikwels as gelowiges ons eie subjektiewe verklarings vir God en hoe God Homself in die Woord openbaar, wil aanbied. Ek het nie soseer 'n probleem dat God as vrou in die boek uitgebeeld word nie. **My dilemma is die uitmekaar trek van die Drie-eenheid. En die wanvoorstelling!!!** Die vroeë kerk se belydenis was dat God een Wese is, drie Persone, onverdeelbaar en onskeibaar. Jesus Christus is waarlik God en waarlik mens – onverdeelbaar en onskeibaar. My bekommernis is dat Mack se verstaan van God mense se persepsie kan versterk dat daar drie gode in die hemel is, of dan twee, met die Heilige Gees wat in ons woon.

Terwyl die boek deels die misterie van God aanraak, wis dit ook die misterie van God uit. God word net te menslik, te goed, te inskiklik en te "verdraagsaam". *I am not who you think I am, Mackenzie. I don't need to punish people for sin. Sin is its own punishment, devouring you from the inside. It's not my purpose to punish it; it's my joy to cure it* (p.120).

Jesus se kruisdood vervaag heeltemal in die verhaal: *Those who love me come from every system that exists. They were Buddhists or Mormons, Baptists or Muslims…. I have no desire to make them Christian, but I do want to join them in their transformation into sons and daughters of my Papa, into my brothers and sisters* - The Shack se Jesus. (1, p.182). Ek weet nie wat die skrywer hiermee bedoel nie. Dit kan verwarrend wees.

Ek kan verstaan dat gelowiges na die lees van die boek sê hulle is verward. Onthou, dis fiksie. Om enige boek te lees, is soos om vis te eet. Jy spoeg die grate uit. Party visse het meer grate as ander. Hier is NET grate...spoeg uit!

Dr. Johan van der Heever

Kommentaar 2

'n Tipiese New Age verdraaiing van die Drie-Eenheid van God word in **The Shack** verkondig. God, die Vader is 'n swart vrou wat as Pappa bekend staan. Dit herinner sterk aan die *Black Madonna* en die *Vader / Moedergodin van die Paganisme* en *Shamanisme*. Die Heilige Gees is 'n Oosterse vrou genaamd Sarayu. Sarayu is 'n mitologiese stroom heilige water wat in die geboortestad van die Hindoe god, Rama, vloei. Die Jesus in **The Shack** is '*n Intergeloofs-panteïstiese Jesus* wat ontken dat hy die enigste weg tot die Vader is. Wêreldwyd is die ganse Christendom in vervoering oor die boek. Ook hier in Suid Afrika. Op talle radio- en TV-programme word die boek deur vooraanstaande Christenleiers en teoloë aanbeveel. Hierdie sake verteenwoordig antichristelike infiltrasie wat reeds ons ganse samelewing en die kerk deurtrek het.

Dr. Sarel van der Merwe